## DEPARTEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE

**No. 1932** **19 September 1986**

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het twee stukke geproklameerde grond, onderskeidelik ongeveer 888 vierkante meter en 2 392 vierkante meter groot, geleë op die plaas Langlaagte 224 IQ, distrik Johannesburg, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van die Stadsraad van Johannesburg en getoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT R19/85 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n woondorp uitgehou.

(19/5/1/2036)

---

**No. 1958** **19 September 1986**

UITSLUITING VAN SEKERE GROND VAN DIE TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK X EN ARTIKEL 139 (1) VAN DIE WET OP MYNREGTE, 1967 (WET 20 VAN 1967)

Die Minister van Mineraal- en Energiesake van die Republiek van Suid-Afrika het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 158 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), sekere grond, kragtens myntitel gehou, op die plaas Doornkloof 350 IQ, distrik Potchefstroom, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, soos getoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder RMT R27/86 bewaar word, van die toepassing van die bepalings van Hoofstuk X en artikel 139 (1) van die gemelde Wet met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant* uitgesluit.

(19/13/1/379)

---

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 1937** **19 September 1986**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

**VOORLOPIGE VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID.—DIE EIENDOM BEKEND AS MÔREWAG, GELEË TE NUTTAL-TUINE 14, DURBAN**

Kragtens artikel 5 (1) (c) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby die sogenaamde Môrewag-eiendom, tesame met die herehuis daarop, geleë te Nuttal-Tuine 14, Durban, voorlopig tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die sogenaamde Môrewag-eiendom, tesame met die herehuis daarop, synde die restant van Lot Kew, Blok D, van die Townlands van Durban 1737 (nou bekend as Erf 1737, Durban), geleë in die stad en county Durban, provinsie Natal, en groot seweduisend vyfhonderd sewe-en-tagtig (7 587) vierkante meter.

## DEPARTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

**No. 1932** **19 September 1986**

RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved two portions of proclaimed land, in extent approximately 888 square metres and 2 392 square metres respectively, situated on the farm Langlaagte 224 IQ, District of Johannesburg, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, registered in the name of the City Council of Johannesburg and shown on a sketch plan copies of which are filed under RMT R19/85 in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, for the purpose of a residential township.

(19/5/1/2036)

---

**No. 1958** **19 September 1986**

EXEMPTION OF CERTAIN LAND FROM THE PROVISIONS OF CHAPTER X AND SECTION 139 (1) OF THE MINING RIGHTS ACT, 1967 (ACT 20 OF 1967)

The Minister of Mineral and Energy Affairs of the Republic of South Africa has, under and by virtue of the powers vested in him by section 158 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), exempted certain land, held under mining title, on the farm Doornkloof 350 IQ, District of Potchefstroom, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, as shown on a sketch plan copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under RMT R27/86, from the provisions of Chapter X and section 139 (1) of the said Act, with effects from the date of publication hereof in the *Gazette*.

(19/13/1/379)

---

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 1937** **19 September 1986**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 of 1969

**PROVISIONAL DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT.—THE PROPERTY KNOWN AS MÔREWAG, SITUATED AT 14 NUTTAL GARDENS, DURBAN**

In terms of section 5 (1) (c) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), the National Monuments Council hereby provisionally declares the so-called Môrewag property together with the manor-house thereon, situated at 14 Nuttal Gardens, Durban, to be a national monument.

*Description*

The so-called Môrewag property with the manor-house thereon, being the remainder of Lot Kew, Block D, of the Townlands of Durban 1737 (now known as Erf 1737, Durban), situated in the City and County of Durban, Province of Natal, in extent seven thousand five hundred and eighty-seven (7 587) square metres.

26